

Volksvergadering

Datum: 31/01/2015

Plek: Bethlehem

Die Volks vergadering te Bethlehem het as volg verloop

1) Die vergadering is 20 minute laat begin oor tegniese probleme met skype en die internet, hierdie medium word gebruik om die vergadering wereldwyd te stuur sodat Boere wat dit nie kan bywoon nie toegang en insae daarin kan he.

2) Die sameroeper Eddy von Maltitz van die vergadering het almal bedank vir bywoning

3) Die sameroeper het die spreker David Christie voorgestel

4) David Christie het die geloofskwessies verduidelik en die vergadering geopen deur volle erkentlikheid van die Skepper van hemel en aarde gevolg deur n stille gebed.

5) David Christie het begin met n kort verduidelikking rondom die Boer se geskiedenis, die verskille rondom die Boer en Afrikaner en die feitlikke agtergrond van die identiteite van die twee groeperinge.

6) Hy het verder verduidelik deur middel van die geskiedenis die skaking van die Boer se identiteit asook die onderdrukking van die Boer in die vier tydvakke sedert 31 Mei 1902 deur die Britte en die Afrikaner mee lopers.

7) Die Republikeinse manier van regering is deur David Christie verduidelik en die verskille tusse die westminister stelsel en die Republikeinse stelsel is uitgelig.

8) David Christie het die vergadering gemaan om te stop om vir n leier te wag en dat elke Boer hier en daar buite n leier is en daarom dan moet opstaan en lei.

9) Hy het verduidelik dat Administrateurs maar die wil van die volk moet uitdra en dat daardie administrateurs vir die volk werk en dat die volk die leiers is.

10) Hy het verder verduidelik dat die herstel van die Boere republieke en die soewereine vryheid van die Boervolk buite organisasie verband die enigste oplossing vir die Boervolk is en het verduidelik dat die verskille en idees van verskeie organisasies die volk verdeel en onder n wan indruk bring. Die vergadering teenwoordig het in eendrag saamgestem.

11) David Christie het hierna die [vryheidsmanifes](#) opgestel gelees en is dit Eendragtig aanvaar deur almal teenwoordig wat verstaan en besef dat dieselfde manifes kan verander volgens die wil van die volk.

12) Hierna is die veldkornet vir die wyk Oos Vrijstaat aangestel deur almal teenwoordig nl Veldkornet Eddy von Maltitz.

13) Die vergadering is daarna oorgegee aan die sameroeper wat die vloer oopgestel het vir vrae.

Vraag 1) n persoon is gevra om burgermaglede en oudsoldate te lei wat staan hom te doen?

ANTWOORD: ons moet versigtig wees om deel te neem aan oorlog praatjies en dade wat lyk of dit tot geweld kan lei dit kan net verreikende gevolge he en Boere in n situasie laat beland

waar hulle toegesluit word as gevolg van daardie praatjies en handeling. Wanneer die volk n besluit daartoe geneem het sal dit in werking gestel word, maar op die huidige stadium maak ons nog die volk bymekaar om binne die laer te kom.

Vraag 2) N persoon is gevra om as Burgermeester te staan in n spesifieke dorp wat sal ons antwoord hierop wees?

ANTWOORD: Die Boer en die Boervolk neem geensinds deel aan politiek nie en val onder die Republikeinse bestel van regering ons het niks te make en wil niks te make he met n bestel waar volksvreemdes met groter getalle die lotgevalle van die Boervolk bepaal nie. Die Westminster stelsel van regeer is nie aanvaarbaar vir die Boer en die Boervolk nie.

14) Die opvolg vergadering vir die wyk Oos Vrijstaat is daarna deur almal teenwoordig uitgeroep met n datum wat so gou moontlik sal geskied

15) Die vergadering is daarna verdaag.

Foto Veldkornet Eddy von Maltitz



David Christie

